# HOOFSTUK 3

## WERKSTRES BY DIE ONDERWYSER MET SPESIFIEKE VERWYSING NA ONTWRIGTENDE GEDRAG IN DIE KLASKAMER

### 3.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is daar gekyk na hoe 'n klaskamer met 'n gesonde klimaat lyk. Die faktore wat 'n bydrae tot 'n gesonde klasklimaat lewer, het ook 'n negatiewe impak wat 'n bydrae lewer tot ontwrigtende gedrag in die klaskamer en dit veroorsaak werkstres by die onderwyser.

In hierdie hoofstuk gaan daar in diepte gekyk word na hoe ontwrigtende gedrag 'n bydrae lewer tot werkstres by onderwysers. Daarna sal stres, werkstres en ontwrigtende gedrag van leerders in die klassituasie onder die loep geneem word. Ten slotte word gekyk na die motiewe vir die leerders se optrede en die konteks waarbinne ontwrigtende gedrag plaasvind.

### 3.2 STRES

Stres het 'n baie populêre onderwerp geword in die hedendaagse lewe. Almal ervaar van tyd tot tyd stres. 'n Snel veranderende samelewing skep vir die meeste mense stres. Die mens word voortdurend onder druk geplaas om al hoe meer in al hoe minder tyd te verrig (Atkinson, 1993:557). Buitengewone gedrag of siektetoestande by mense word gewoonlik aan uitbranding of 'n senuwee-ineenstorting as gevolg van stres toegeskryf. In algemene terme vind stres plaas wanneer mense gebeure in die gesig staar wat hulle as 'n bedreiging vir hul fisiologiese en psigologiese welstand ervaar (Davidson & Neele; 1996:191).

#### 3.2.1 Wat is stres?

Schafer (1996:6) definieer stres as "arousel of mind and body in response to demands made on them." Cox (1978) definieer dit in terme van (1) die eksterne omgewingstimuli se

karaktereienskappe; (2) die individu se emosionele toestand; of (3) 'n interaksie tussen die individu en sy omgewing. In die eerste aspek, nl. eksterne omgewingstimuli se karaktereienskappe, word stres veroorsaak as gevolg van die eksterne omgewing se druk en vereistes, soos die ekonomie, politiek, ens. (Hinkle, 1974: 335). Die tweede aspek wat handel oor die individu se emosionele toestand dui dit op die psigologiese response van die individu (De Frank & Stroup, 1989:109). Volgens die derde aspek (interaksie tussen die individu en sy omgewing) word stres teweeggebring deur eksterne omgewingsfaktore en die individu se reaksie daarop (Handy, 1986: 207). Volgens die Psigologiewoordeboek van Gouws (1973:287) is stres, " 'n toestand van psigiese gespannendheid en/of fisiese oorspanning. Dit versteur die homeostase en dus die individu se psigiese en of fisieke funksionering. Chandler, (1985:5) definieer stres as 'n toestand van emosionele spanning wat ontstaan as gevolg van twee toestande: onvervulde behoeftes van die individu en die omgewingseise of dreigemente.

Vir Greenberg (1984:2) en Van Niekerk (1986a:751) is stres 'n veranderde of gewysigde toestand in 'n persoon, hetsy geestelik, emosioneel of fisiek, wat veroorsaak word deur 'n individu se reaksie op stimuli in die psigologiese, sosiale, kulturele en fisieke omgewing.

Een manier om te verstaan wat stres is, is om vas te stel wat stres nié is nie.

- Stres is nie iets wat mense net in die twintigste eeu affekteer nie. Die druk wat ons deesdae beleef, is nie erger as dié van die verlede nie, dit is net anders.
- Stres is nie bloot angstigheid of spanning nie. Angstigheid en spanning word as moontlike gevolge van stres beskou, maar word nie altyd ervaar deur mense wat onder stres verkeer nie.
- Stres is nie 'n gebeurtenis of omstandigheid nie, maar 'n reaksie daarop.
- Stres hoef nie noodwendig vermy te word nie. Stres is onvermydelik, kommer is nie.
- Stres is verder ook nie noodwendig sleg of skadelik nie (Louw & Edwards, 1993:658).

Strumpfer (1983:5-6) onderskei tussen twee tipes stres. Eerstens eustres (goeie stres) en tweedens distres (slegte stres). Eustres (wat *goed* beteken) stel positiewe en aangename stres

voor wat gepaard gaan met ervarings van sukses. Distres daarenteen, word beskou as slegte of onaangename stres, waartydens mense hul gevoelens van sekuriteit en ontoereikendheid begin verloor (Louw & Edwards, 1993:657). Hulpeloosheid, desperaatheid en teleurstelling verander eustres in oormatige stres of distres.

Stres word deur Cockburne (1996:8) in vyf kategorieë verdeel, nl. die hier-en-nou stres, antisiperende stres, verbeeldingstres, negatiewe stres en die ergste vorm van negatiewe stres, nl. post-traumatiese stres (PTS).

- Hier-en-nou stres handel oor situasies soos die skryf van 'n eksamen of die betrokkenheid by 'n hewige argument wat stres veroorsaak.
- Antisiperende stres is waar stres ervaar word deur geleenthede soos oueraande, bestuurstoetsing of 'n valskermsprong wat 'n toestand van paniek kan veroorsaak.
- Verbeeldingstres is waar vreesaanjaende situasies in die persoon se gedagtes opkom wanneer die persoon hom iewers alleen bevind.
- Negatiewe stres is wanneer stres oor 'n tydperk van dae, weke of selfs jare opbou. Die stres kan deur een faktor of deur 'n diversiteit van faktore veroorsaak word..
- PTS-sindroom is die ergste vorm van negatiewe stres wat die gevolg is van gebeure wat in die verlede plaasgevind het (Cockburne,1996:8).

### 3.2.2 Oorsake van stres

Vervolgens word die oorsake van stres en die effek daarvan op die mens, kortliks toegelig.

Gebeure wat stres tot gevolg het (stressors) is oneindig. Rice (1987:29-30) beweer dat elke ding wat die mens sien, hoor, voel, proe en ruik 'n bron van stres is. Dit beteken ook dat denke, geheue, begeertes en drome almal faktore kan wees wat tot stres bydra. Stres is dan die reaksie van die menslike gees en liggaam in antwoord om die eise wat gestel word. Die aard van die gebeure (stressors) strek oor 'n wye veld en kom soos volg voor vanweë:

- stresvolle lewensgebeure – soos die dood van 'n vriend of familielid, politieke geweld, mislukking op skool of universiteit, 'n ongewenste swangerskap en talle ander traumatiese gebeure;

- kwellinge van die daaglikse lewe – waar kleiner bronne van stres voorkom, dit wil sê die daaglikse irritasies;
- stres in die werksituasie (beroepstres) – waar fisiese eise, taakeise, roleise (wat later in die hoofstuk meer volledig bespreek word) van die belangrikste aspekte is;
- stres by die huis met betrekking tot eggenote, minnaars, kinders, huishoudelike reëlings en diverse faktore;
- stres in die omgewing soos natuurrampe, onnatuurlike rampe, motorongelukke en besoedeling (Louw & Edwards, 1997:658).

Hierdie aspekte is dinge waarmee elke mens op die een of ander stadium van sy lewe gekonfonteer word en dít lei daartoe dat die persoon stres ervaar.

### 3.2.3 Die simptome van stres

Die vraag ontstaan egter hoe 'n persoon weet wanneer hy stres ervaar. Stres ontlok 'n reaksie. Hierdie reaksies kan fisiologies, psigologies en kognitief van aard wees.

Volgens die Anxiety Symptom Checklist, (1996-1999) word die response van stres in drie kategorieë verdeel waar die *fisiologiese response* soos spiersametrekkings, sweterigheid, duisligheid, 'n droë mond, hiperventilering, benoudheid op die bors, onreëlmatige hartkloppings, uitputting, ens. opgemerk word. *Kognitiewe response* wat gepaard gaan met gedagtes soos: "Ek kan dit nie doen nie!...Wat as ek 'n gek van myself maak?...Mense kyk vir my! Kry my hier uit! ... Niemand wil my help nie. ... Ek kan nie alleen gaan nie ... Ek kan nie asemhaal nie ...Ek sal doodgaan!...Ek sal mal word!...Ek is vasgevang!" , ens. is tipiese denke wanneer 'n persoon stres ervaar. *Emosionele response* is in die derde plek 'n respons op stres waar emosies soos vrees, paniek, uitermatige bekommernisse, ongemak, verwerping, woede, eensaamheid, skaamte, ens. ervaar word (HREF1, 1999:3).

Volgens die Mayo Foundation for Medical Education and Research (1995-1996) word die simptome van stres ook in drie kategorieë verdeel, naamlik die *fisiologiese simptome*

(hoofpyne, knersende tande, borspyne, kortasem, hartkloppings, hoë bloeddruk, spierpyne, diarree, oormatige sweet, benoudheid, slaaploosheid, ens.), *psigologiese simptome* (angs, hartseer, woede, depressie, gevoelens van hulpeloosheid, ens.) en *gedrag* dien ook as aanduiding van stres en tipiese gedrag wat mag voorkom wanneer 'n persoon stres ervaar, is ooreting of 'n verlies aan eetlus, onttrekking of isolering van ander, ongeduldigheid, aanvallerigheid, vermeerderde gebruik van alkohol, dwelms of rook, verontagsaming van verantwoordelikhede, swak werksvermoë, swak persoonlike higiëne, verandering in geloofsbeoefening en verandering in nabye familieverhoudings (HREF2, 1997:3). Deur na die verskillende simptome van stres te kyk en hoe dit die liggaam affekteer, kan daar gesê word dat stres 'n aanduiding is van hoe jou response (reaksie) jou gesondheid affekteer.

Nadat daar gekyk is na die simptome wat stres meebring, is 'n mens geneig om stres net as negatief en nadelig vir die mens te sien, maar tog het stres goeie eienskappe en kan stres positief inwerk op 'n mens. Stres lei tot motivering en aansporing om suksesvol te wees. Die negatiewe gevolge kan egter nie agterweë gelaat word nie. Dit is een van daardie ontstellende feite dat die gevolge van negatiewe stres die mens in totaliteit beïnvloed deurdat die mens en sy familie, sy omgewing, sy beroep of werksituasie intense veranderinge ondergaan. Volgens Stroebel (1993:27) het distres 'n negatiewe effek op die persoonlike-, sosiale- en werksfunksionering wat 'n impak lewer op die affektiewe-, psigososiale-, kognitiewe-, gedrag- en gesondheidsaspekte van 'n persoon.

Hieruit is dit duidelik dat stres veroorsaak word deur die omstandighede waarin 'n persoon hom bevind en die situasies waarmee hy gekonfronteer word. Stres word veroorsaak deur alle fasette van die samelewing en die gevolge van stres is fisiologies sowel psigologies.

## 3.3 WERKSTRES

Daar gaan nou in meer besonderhede gekyk word na stres in die werksplek (beroep) en die bydraende faktore.

Die meeste volwassenes spandeer meer tyd aan hul beroep as aan enige ander enkele aktiwiteit. Die werksplek is 'n natuurlike uitbreiding van die oorsake van stres. Die mens spandeer 'n derde van hul volwasse lewens by die werksplek. Die stres wat by die werksplek ervaar word, staan as werkstres (beroepstres) bekend, en kan 'n ernstige effek op die lewe van die werknemers en hul families hê ( Louw & Edwards, 1994:662). Die impak van stresvolle werksgebeure word beïnvloed deur sowel die hoeveelheid stres wat geassosieer word met 'n spesifieke gebeurtenis en die hoeveelheid kere wat die gebeurtenis voorkom (Spielberger, *et.al.*, 1994:199). Daarom is die werksplek 'n natuurlike plek waar bronne van stres gesoek moet word (Girdano, *et.al.*,1997).

### 3.3.1 Wat is werkstres ?

French (1996) meen dat werkstres omskryf moet word " in terms of job characteristics that pose a threat to the individual worker". Stres hou verband met werksdruk, en werksdruk ontstaan uit die interaksie tussen 'n individu en sy werksomgewing. Werkstres kom ook voor deur teenstrydige persoonsomgewingpassing wat psigologiese druk en stresverwante fisiologiese afwykings voortbring (French, Caplan en Van Harrison, 1982 In: Spielberger & Reheiser, 1994:19).

Herr & Cramer, (1996:519) definieer werkstres soos volg: " Usually, conditions are presented to individuals, either work or outside of work, that cause them to call upon their resources to adapt to the conditions. When these conditions (stressors) are greater than a person's abilities to cope or when they cause individuals to use their coping recources by the maximum degree possible, stress may be advanced."

Volgens Daniels en Guppy (1994:135) is werkstres die gevolg van stressors wat bestaan uit die verskillende vereistes van die werksplek asook aspekte buite die werksplek, soos familie- sosiale-, gesondheids-, finansiële-, omgewings- en persoonlike probleme.

Schultz en Heuchert (1983:21-22) omskryf werkstres as die resultaat van die mens se onvermoë om sy werkvermoë in ewewig te bring met die eise wat aan hom gestel word. Die

mens vervul sy werksaamheid die beste wanneer matige eise aan hom gestel word. Sodra hierdie eise te hoog of selfs te laag is, is die mens se werkvermoë swakker.

Shore (1992) klassifiseer werkstres in drie kategorieë, nl. die biochemiese, fisiese- en psigososiale. Die *biochemiese* streskategorie is waar die normale liggaamsfunksionering belemmer word deur die ontbloting van chemiese en biologiese substanse. Die *fisiologiese* stres kategorie sluit faktore in, soos: geraas, ventilasie, hitte, tempo van produksie en die tyd wat skofte duur en die *psigologiese* streskategorie kom na vore wanneer konflik ervaar word tussen die werker en sekere aspekte van die werker se maatskappy. Voorbeelde hiervan is: werkvereistes, rassisme, seksisme, ens. (Drummend & Ryan, 1995:46).

Werkstres veroorsaak dat baie tyd, geld en produksie verlore gaan. Werkers se gesondheid en selfs hul lewens is in gevaar as gevolg van werkstres. Ander aspekte soos afwesighede van werkers, swak werksatmosfeer, konflik onder personeel, ens. is van die faktore wat deur werkstres veroorsaak word (HREF3, 1999).

Millar (1992:5), Direkteur van die Nasionale Instituut van Beroepsveiligheid en Gesondheid in die VSA skryf dat " There is no doubt that job-related stress and other psychological disorders are rapidly becoming one of the most pressing occupational safety and health concerns in the country today".

### 3.3.2 Oorsake van werkstres

Volgens Louw & Edwards (1994) dra die volgende faktore by tot werkstres.

- Fisiese eise wat deur die werksomgewing op die werker gemaak word, sowel as eise van die beroep self wat tot werkstres kan lei. Hierdie fisiese eise sluit in: geraas, ventilasie, beligting, sindelikheid van die werksarea en die algemene klimaat waarbinne gewerk word. Die gevolge van die fisiese eise lei tot oormatige stres by die werkers en tas hul welsyn en gevoel van werkstevredeheid, asook hul produktiwiteit aan (Jones, 1983).

- Ander faktore soos skofwerk, werkslading, werksomstandighede, nuwe tegnologie, herhalende blootstelling aan gevare – wat alles taakeise is – dra ook by tot die ervaring van werkstres.
- Roleise is nog 'n belangrike bron van werkstres in die werksituasie. Wanneer daar te hoë eise aan die werker gestel word, lei dit tot werkstres.
- Rolkonflik lei ook tot werkstres, omdat mense hulself in situasies bevind waar ander mense konflikterende verwagtings het.
- Roldubbelsinnigheid lei tot wersktres wanneer die doelstellings van die werk onduidelik is en die werk nie gedoen kan word nie; dus lei dit maklik tot werksontevredenheid, verlaging in eiewaarde en depressie (Kahn, Wolfe, Quin, Snoek & Rosenthal, 1994).
- Verantwoordelikheid kan 'n bron van werkstres word wanneer werkers verantwoordelikheid aanvaar of gegee word waarvoor hulle nog nie opgelei is nie. Hulle beskik ook nie oor die vermoë om die verantwoordelikheid, te hanteer nie.
- Bevordering binne die werksituasie kan ook 'n hoë vlak van stres meebring, spesifiek in stituasies waar werkers te vinnig bevorder word of waar werkers oor die hoof gesien word tydens bevordering (Loate, 1995:21).
- Interpersoonlike en organisasiefaktore word as een van die belangrikste bronne van werkstres beskou, veral wanneer die werker swak verhoudings met die werkgewer, kollegas of met ondergeskiktes het.
- Deelname aan besluitneming in die werksituasie kan as 'n bron van werkstres gesien word. Navorsing toon dat hoe hoër die vlak van deelname van werkers aan besluitneming is, hoe hoër is die vlak van werkstevredenheid, en hoe laer is die werkers se stresvlak (Cooper & Marshall, 1978).

Navorsing oor werkstres het derhalwe stresveroorsakende faktore uitgelig soos rolvertwyfeling en rolkonflik in die organisatoriese opset. Daar is vasgestel dat veral hoëvlakwerkers, soos uitvoerende beamptes en bestuurders, rolvertwyfeling ervaar, terwyl laevlakwerkers eerder met rolkonflik te doen kry (Spielberger & Rheiser, 1994(a):20); Turnhage & Spielberger, 1991:165). Faktore soos werkoorlading, vae taakomskrying, groot werkeise, gebrek aan werksekuriteit, groot inspanning of dodelike roetine, onsekerheid oor die organisasiestruktuur, fisiese ongerief, deelname aan besluitneming of gebrek daaraan, locus

van beheer en die aanwending van die werknemer se vaardighede, omtrent altyd 'n invloed op die vlakke van werkstres het (Marino & White, 1985; Turnhage en Spielberger, 1991:166; London & Spielberger, 1983:58; Everly & Girdano, 1980:40-48; Girdano, Everly & Dusek, 1997:174). Die bevindinge, voortvloeiend uit 'n aantal ondersoeke, versterk die vermoede dat die aard en hewigheid van organisatoriese stressors beskou word as 'n plig van die tipe werk wat verrig word en die vlakke waarop dit verrig word.

Omgewingsaspekte van werkstres word dikwels beskryf in terme van algemene roleise of verwagtinge, terwyl spesifieke werkseise en eienskappe dikwels oor die hoof gesien word. Dit is dan ook geen wonder nie dat Jackson en Schuler (1985) aan die hand doen dat " a useful direction for further research would be pinpointing specific aspects about one's job, that are ambiguous or conflicting". Veral Spielberger en Reheiser (1994(a)), Turnhage en Spielberger (1991), Spielberger en Reheiser (1994(b)), London en Spielberger (1983) het in hulle navorsing op hierdie aspekte gefokus. Werkstres in beroepe soos bestuurders, universiteits/militêre, professionele en kerklike personeel en so meer is in hierdie ondersoeke van nader ontleed.

### 3.3.3 Gevolge van werkstres

Daar is reeds gesê dat stres postief en negatief kan wees. In die geval van werkstres het dié stres ook 'n positiewe en negatiewe effek. Wanneer daar 'n goeie groepsgebondenheid tussen die werkers is en hoë vlakke van produksie gelewer word, oefen werkstres 'n positiewe effek uit op die werkers. Eustres promoveer groei en help die werker om nuwe vaardighede te ontwikkel en versterk ook sy/haar persoonlike vermoëns (Weiten, 1992:480). Werkstres kan die werker negatief beïnvloed. Dit gebeur wanneer psigologiese reaksies soos werksontevredenheid, depressie, uitbranding en angs, fisiologiese reaksies soos hoë bloeddruk en uitputting en gedragreaksies soos die misbruik van alkohol, dwelms, rook en so meer getoon word (Drummend & Ryan, 1995:47). Volgens Herr & Cramer (1996:521) is die gevolge van werkstres spanning wat manifesteer in moegheid (tamheid), angs, vrees, die onvermoë om te ontspan, slaap en eetsteurnisse, selfbeeldprobleme, hoofpyne, depressie en ander psigiatriese afwykings.

## 3.4 DIE ONDERWYSER EN WERKSTRES

Stres kan verwag word in alle organisasies, insluitende die skool (Gray & Freeman). 'n Organisasie is die raamwerk waarbinne menslike handelinge gerig en gekoördineer word. 'n Formele gesagstruktuur kom tot stand deur bedrywighede in afdelings en onderafdelings te groepeer en ordelik te rangskik (Basson, Nieman & Van der Westhuizen, 1989:467). 'n Organisasie is dus 'n formele verhouding struktuur waarbinne mense tot mekaar staan. Kenmerkend van organisasies is dat dit 'n bepaalde samestelling en struktuur het wat bestaan uit meer as een persoon met omskrewe en gedifferensieerde take om bepaalde doelstellings en doelwitte te verwesenlik, waarvan die aktiwiteite gekoördineerd en op 'n kollektiewe basis plaasvind. Die skool word allerweë as 'n organisasie beskou, omdat dit oor al die universele kenmerke van 'n organisasie beskik (Van der Westhuizen, *et.al.*, 1992:5). In die skool gaan dit uitsluitlik oor mense wat in 'n opvoeding-, onderrig- en leersituasie op mekaar aangewese is (Van der Westhuizen, Loots, Mentz, Oosthuizen & Theron, 1992:8).

Stres binne die onderwysprofessie kan die skool as organisasie, die onderwysers se optrede en die fisiese en emosionele welstand van die onderwyser en sy of haar familie beïnvloed (Kryiacou & Sutcliffe, 1977).

Werkstres by die onderwyser word gedefinieer as 'n toestand van negatiewe effekte aangaande die beroepsaspekte wat die onderwyser as bedreigend vir sy of haar psigologiese en fisiologiese welstand ervaar (Kryiacou & Sutcliffe,1978a). Pettegrew en Wolf (1982a) sê " one must asume that the degree of stress is a function of the number and mix of teaching events."

Wat is die realiteit aangaande onderwys vandag? "It is no secret that teachers experience a high level of occuptional stress" (APT Thinking, 1998:8). Holt, Fine en Tolletson (1987:51-58) dring daarop aan dat die samelewing moet erken dat werkstres by onderwysers 'n groot probleem gword het, een wat nie gaan verdwyn nie en wat eskalerende negatiewe effekte op die kwaliteit van die onderwys, die geestesgesondheid van die onderwysers en die

lewensgeluk van die leerders sal hê. "Teacher work stress as an alteration of pscyhological homeostasis, resulting from aspects of the teacher's job that are perceived as threats to an individual's well-being or self -esteem", sê Moracco en Mcfadden (1982:549) in aansluiting hierby.

'n Baie hoër vlak van werkstres word in die onderwys as in die meeste ander beroepe aangetref. (Blackburne, 1990:4). Navorsing toon dat ongeveer een vyfde tot een derde van die onderwysers hul beroep as baie stresvol of uiters stresvol beskryf wat daarop dui dat die onderwys'n veeleisende en soms frustrerende professie kan wees. 'n Ligpunt is dat onderwysers goed voel oor dít wat hulle doen, maar die geleenthede wanneer hulle só voel, is maar gering. Onderwysers weet dat hulle op die een of ander stadium die leerders, kollegas, hul families of hulself teleurstel. Verder het onderwysers nie genoeg tyd om die werk te doen wat hulle veronderstel is om te doen en wil doen nie. As gevolg hiervan word daar minute gespandeer om 'n saak te verduidelik wat veronderstel is om een uur in beslag te neem. Onderwysers het verder ook nog buitemuurse aktiwiteite wat baie van hul tyd opeis en tot werkstres kan lei (Claxton, 1989:30).

Daar is min bewyse om te aanvaar dat die algemene meting van dié stres verband hou met die demografiese eienskappe van onderwysers, soos geslag, ouderdom of posisie wat beklee word in skoolverband (Borg, Riding & Falzon, 1991:60). Wanneer die onderwyser 'n hoë mate van stres ervaar, raak dit fasette van die onderwyser se optrede, soos kreatiwiteit, klaskamerbeheer en die implementering van onderrigtegnieke (Kaiser & Polczynski, 1982:54 Solomon, 1960).

Werkstres by die onderwyser is van besondere betekenis, omdat dit op die onderwyser sowel as die leerders 'n negatiewe impak het. Werkstres is daarom 'n probleem vir die individuele onderwyser, die leerders, die skool, die onderwysprofessie en die onderwysstelsel (Rigby, Bennet & Boshoff, 1996:38).

### 3.4.1 Simptome van werkstres by die onderwyser

Sommige onderwysers word meer deur werkstres geaffekteer as ander. Die rede daarvoor is dat stres onderwysers verskillend affekteer, omdat onderwysers verskillend optree op grond van hul unieke persoonlikhede. 'n Persoonlikheid word gevorm deur denke oor 'n lang tydperk. Die gevolg is dat die persoon op 'n sekere manier dink, voel en optree. Werkstres vernietig die onderwyser se gemoedstoestand en maak hom/haar vatbaar vir siektes en 'n swak fisiese gesondheid (Gascoyne, 1998:8).

Die vraag wat nou gevra word, is: "Hoe voel 'n onderwyser wat werkstres ervaar?"

Gevoelens van woede ontstaan deurdat die onderwyser voel dat hy/sy misluk het. Blamering van die self en ander mense is 'n tipiese reaksie van werkstres. Magteloosheid en 'n lae self-beeld hou verband met die onderwyser se negatiewe oortuiging van homself, asook sy rol as onderwyser. Gedagtes soos: "Ek misluk die hele tyd", is eie aan werkstres. Wanneer hulp aangebied word, is die reaksie van die onderwyser: "Dit sal nooit vir my werk nie! ... Ek is anders; dit pas net nie by my persoonlikheid om dit te doen nie" (Rogers, 1997:48).

Onderwysers wat die vereistes van die omgewing nie doeltreffend kan hanteer nie, lei aan manifestasies van slegte stres (distres). Die gevolge van werkstres mag uiting vind in emosionele manifestasie met gevoelens, soos onbeskryflike angs, ontevredenheid, depressie, frustrasie, 'n lae selfbeeld met uitbranding as eindresultaat. Gedragsmanifestasies waarin gedragsprobleme voorkom soos eetversteurings, uitermatige rook; alkohol- en dwelmmisbruik, geweld, die onvermoë om te slaap, gereelde afwesighede en bedanking uit die professie. Fisiologiese manifestasies soos hartsiektes, psigosomatiese siektes, hoofpyn en duiseligheid (Milstein & Golaszewski, 1985); en kognitiewe manifestasies soos 'n swak konsentrasievermoë, die onvermoë om korrekte besluite te neem, vergeetagtigheid en hipersensitiwiteit teenoor kritiek (Beard, 1990:111).

Fimian en Santaro (1981:253) beweer dat emosionele manifestasies die oorsaak is van gedrag- en fisiologiese manifestasies van stres by onderwysers en dié aspekte kan nie afsonderlik van mekaar gesien word nie (Travers & Cooper, 1996:33).

Die duur van die stresvolle insidente, die intensitiet daarvan en die onderwyser se vermoë om dit te hanteer, is bepalende faktore vir die mate waartoe die onderwyser werkstres ervaar, asook vir die intensiteit van die simptome (Beard, 1990:111).

### 3.4.2 Oorsake van werkstres by die onderwyser

Vroeër in die hoofstuk is daar na faktore (volgens Louw & Edwards, 1994) gekyk wat werkstres veroorsaak. Hierdie faktore word toegelig in terme van die onderwyssituasie.

- **Roleise.** Daar word van die onderwyser verwag om sekere take te verrig waarvoor hy nie opgewasse is nie, bv. waar 'n onderwyseres krieket moet afrig. Daar word ook nie aan die onderwyser die geleentheid gebied om die vermoëns waaroor hy/sy wel beskik na vore te bring en te eksploreer nie.
- **Rolkonflik.** Die verwagtinge van die skool is in kontras met die verwagtinge van die onderwyser. Daar is ook 'n tekort aan helderheid aangaande dít wat van die onderwyser verwag word.
- **Roldubbelsinnigheid.** Die onderwyser is onseker oor sy/haar optrede, asook wat om van die beroep te verwag. Onduidelikheid oor werksoptrede en die verwagte gevolge speel ook 'n rol.
- **Werkslading.** Daar word meer van die onderwyser verwag as wat die tyd toelaat.
- **Verantwoordelikhede.** Die onderwyser is bang vir mislukking en is onder druk om hoë doelstellings te bereik.
- **Werksomstandighede.** Die werksomstandighede is van so 'n aard dat lang werksure lei tot sosiale isolasie.
- **Verhoudings.** Probleme word ondervind om met hoër gesag, kollegas en leerders saam te werk.
- **Besluitneming.** Daar is 'n beperkte sosiale interaksie en die onderwyser word nie toegelaat om deel te hê aan besluite wat geneem word nie (Beard, 1990:111).

Hierdie stressors kan onafhanklik of gesamentlik tot werkstres aanleiding gee. Die effek van hierdie stressors kan nadelig op die onderwyser se fisiese, emosionele, psigologiese en sosiale welstand inwerk (Beard, 1990:110).

Volgens Travers & Cooper (1996) is 'n faktoranalise gemaak om die oorsake van werkstres wat die onderwyser ervaar, uit te lig. Die faktore wat geïdentifiseer is, is die volgende:

- *Faktor 1* **Die onderwyser-leerder-interaksie**

  *In hierdie interaksie is die volgende oorsake van werkstres by onderwysers opgemerk.*
  - Onderwysers ondervind leerders se verbale kommunikasie al meer stresvol.
  - Dit blyk dat die onderbreking wat konflikhantering tot gevolg het, tot stres aanleiding gee.
  - Teëpratery van die leerders belemmer die outoriteit van die onderwyser.
  - Die handhawing van dissipline in die klaskamer word as 'n groot stresfaktor gesien.
  - Leerders wat die onderwyser deurentyd toets ten opsigte van die grense van gesag.
  - Die hantering van gedragsprobleme van die leerders.
  - Die aanskouing van aggressie tussen leerders.
  - Min ondersteuning wat die ouers aan die onderwys bied ten opsigte van dissipline.
  - Fisiese aggressie deur leerders onderling en teenoor die onderwyser.

- *Faktor 2* **Die bestuur/struktuur van die skool**

  *Die volgende sake rakende die skoolbestuur lei tot die onderwyser se werkstres.*
  - Tekort aan deelname aan besluitnemingsprosesse.
  - Konflik tussen die sieninge van die departement en hoër gesag.
  - Min ondersteuning van die hoof wat daartoe lei dat die onderwysers magteloos voel.
  - Swak kommunikasie tussen kollegas.

- *Faktor 3* **Klasgrootte / oorvol klaskamers**

  *In die groot klasse lei die volgende sake tot werkstres by die onderwyser.*
  - Om in oorvol klasse te onderrig ('n fisiese spasie probleem).

- Te veel leerders in die klas.

- *Faktor 4* **Verandering wat in die onderwys plaasvind**

  *In die onderwysstelsel lei die volgende sake tot werkstres.*

  - Konstante veranderinge wat in die onderwys plaasvind.
  - Die aanbeweeg na 'n Nasionale Kurrikulum.
  - 'n Tekort aan informasie hoe om die veranderinge te implementeer.

- *Faktor 5* **Die waarde van die onderwyser**

  *Die volgende sake lei tot werkstres.*

  - Hoë eise wat ouers stel om hoë resultate te behaal.
  - Die bywoning van oueraande.
  - Akademiese druk deur die skool.

- *Faktor 6* **Bekommernisse aangaande die eise van die bestuur van die skool**

  *Dit raak die volgende sake.*

  - Onrealistiese hoë verwagtings van die bestuur.
  - Die kollegas wat nie die druk van die bestuur verstaan nie.

- *Faktor 7* **Tekort aan status en bevordering**

  *Realiteite en verwagtinge wat hier stres kan veroorsaak.*

  - As hy 'n goeie onderwyser is, word hy nie noodwendig bevorder nie.
  - Kanse op bevordering is gering.
  - Die samelewing se neerbuigende houding teenoor onderwysers.
  - 'n Salaris wat buite porporsie is in verhouding tot die werkslading.
  - Min ondersteuning word deur die regering gebied.

- *Faktor 8* **Personeeltekorte**

  *Die sake wat veral tot werkstres aanleiding gee.*

  - Die onderwyser moet onbekende vakke aanbied.
  - Hy moet instaan vir onderwysers wat afwesig is.

- As gevolg van voortdurende verandering, kan hy nie vooruit beplan nie.

- *Faktor 9* **Werksonsekerheid**

  *Dié wesenlike probleem omsluit die volgende stresveroorsakende faktore.*

  - Die vrees vir herontplooiing.
  - 'n Tekort aan sekuriteit in die onderwysprofessie.

- *Faktor 10* **Dubbelsinnigheid in die rol van die onderwyser**

  *Verwarrende sake wat tot werkstres lei.*

  - Onsekerheid oor die graad of area van verantwoordelikheid.
  - Swak gedefinieerde skemas van werk wat aangebied moet word.
  - Onbekendheid van die aspekte waarmee die onderwyser te doene kry.
  - 'n Gevoel van ontoereikende opleiding.
  - Tekort aan helderheid aangaande die rol van die onderwyser binne skoolverband.
  - Ongepaste implementering van veranderinge in die skool (Travers & Cooper 1996:125).

Faktore wat as stresvol of ongewens deur die onderwyser ervaar word is leerders se ongedissiplineerdheid, negatiwiteit van leerders teenoor die skool, fisiese geweld, onvolledige administratiewe werk, onduidelike roldefiniëring en te groot werkslading (Beasley, Myette & Serna, 1983; Chichon & Koff; Gollaway & Noel, 1978; Olander & Farrell, 1970).

Volgens Borg, et.al., (1991:60) is die volgende faktore oorsake van stres by die onderwyser: die hantering van leerders wat ongewens optree; swak werkshouding wat deur leerders geopenbaar word; 'n tekort aan tyd om die sillabus af te handel; nasienwerk en om lesvoorbereiding te doen; 'n ongepaste dissiplinêre beleid wat deur die skool geïmplementeer is; die feit dat daar nie aan onderwysers die geleentheid gebied word om hul opinie tydens 'n besluitnemingsproses te lug nie; swak salarisse; swak skoolfasiliteite, bv. te groot klaskamers en te min apparaat; swak verhoudings onder die kollegas en die kwessie oor te veel veranderinge aan en vereistes van die kurrikulum.

Boyle (1988:742) omskryf die oorsake van werkstres by die onderwyser as wangedrag van leerders (leerders wat geraas maak, die handhawing van klasdissipline, leerders wat parmantig is, groot klasse, swak houdings van leerders teenoor die werk wat gedoen moet word); die tydprobleem (te veel werk en te min tyd, sillabusse wat voortdurend verander, 'n tekort aan apparaat, swak fasiliteite in die skool); die kwessie oor die professionele erkenning van die onderwyser ('n swak beroepstruktuur met weinig bevorderingsmoontlikhede, die samelewing wat neersien op die onderwyser en dit wat hulle doen); en swak verhoudings onder die kollegas wat druk van die hoof, druk van die ouers van die leerders, bekommernisse en houdinge van die kollegas onderling insluit.

Die oorsake van werkstres by die onderwyser kan in kort opgesom word as die leerders se wangedrag, wat aspekte insluit soos die ongedissiplineerdheid van leerders (parmantigheid en ongeskiktheid) en die hantering van te groot klasse met te veel leerders. Moeilikhede aangaande die beskikbare tyd behels die tekort aan tyd om individuele aandag aan leerders te gee, te veel nasienwerk, lesvoorbereiding en administratiewe werk, sillabusse wat swak uiteengesit en onduidelik is en 'n tekort aan apparaat vir skoolgebruik. Professionele erkenning van die onderwyser waar 'n swak beroepstruktuur, onbevredigende salarisse en 'n tekort aan rusperiodes voorkom, asook die kwessie oor swak verhoudings waar die hantering van houdings en gedrag van ander onderwysers, die hoof, die leerders en hul ouers as problematies gesien word (Borg, 1991:67).

Hoë werkstres in die onderwysprofessie skyn 'n internasionale verskynsel te wees, veral waar die een verandering na die ander plaasvind en onderwysers geen beheer daaroor het nie (Travers & Cooper, 1996:4; Boyle, Borg, Falzon & Baglioni, 1995:49-50; McGarth, 1995:88-112; Watts & Short, 1990:4). Die situasie in Suid-Afrika word tans deur soortgelyke ingrypende en aanhoudende veranderinge op die gebied van die onderwys gekenmerk. Donald, Lazarus en Lolwana (1997:16) is van mening dat die huidige verandering in die struktuur van die onderwys in Suid-Afrika gepaard gaan met die verskyning van meer belangrike beleidsdokumente oor die onderwys as in enige ander tydperk in die verlede.

Stres wat ervaar word in die onderwysprofessie affekteer die skool as organisasie, die onderwyser se optrede, die fisiologiese, psigologiese en emosionele welstand van die onderwyser en sy / haar familie (Kryiacou & Sutcliffe, 1977).

In hierdie hoofstuk wat handel oor werkstres by die onderwyser met spesifieke verwysing na ontwrigtende gedrag in die klaskamer, sal daar spesifiek gekyk word na watter faktore in die klaskamer werkstres by die onderwyser veroorsaak.

Die faktore van ontwrigtende gedrag wat vir hoë werkstres by onderwysers verantwoordelik is, is reeds vroeër uitgelig (Donald, Lazarus & Lolwana, 1997). Die aandag word nou gefokus op hierdie gedrag.

## 3.5 ONTWRIGTENDE GEDRAG IN DIE KLASKAMER

Navorsing toon dat wangedrag (ontwrigtende gedrag van leerders) die nommer een oorsaak van werkstres is wat onderwysers ervaar (Weishew & Peng, 1993:5).
Dissipline of klaskamerbeheer om orde in die klaskamer te handhaaf, is die onderwyser se grootste bekommernis. Dissipline is deel van die alledaagse lewe van die onderwyser en dien as basis vir alles wat in die klassituasie gebeur. Dit is die één aspek wat 'n onderwyser maak of breek (Tauber, 1995:3).

Ontwrigtende gedrag word as die vernaamste probleem beskou waarmee onderwysers binne klasverband gekonfronteer word (Hamachek, 1995). Wanneer ontwrigtende gedrag in die klaskamer voorkom, is dit moeilik om reg te laat geskied aan doeltreffende onderrig en leer (Donald, *et.al.*, 1997:127). Ontwrigtende gedrag in die klassituasie lei verder onder meer tot werksontevredenheid by die onderwyser wat werkstres tot gevolg het (Smith & Laslett, 1993:153). Volgens Travers & Cooper (1996:25) korreleer werkstevredenheid negatief met ontwrigtende gedrag van leerders.

Daar word vervolgens gekyk na ontwrigtende gedrag onder die volgende opskrifte:

- Wat is ontwrigtende gedrag?
- Die oorsake van ontwrigtende gedrag
- Die konteks waarbinne ontwrigtende gedrag voorkom

### 3.5.1 Wat is ontwrigtende gedrag?

Ontwrigtende gedrag is versteurde gedrag - wat ook steurings meebring – wat verbaal, fisies manifesteer en op verskillende maniere die outoriteit van die onderwyser of skool uitdaag (Charlton & David, 1993:7). Wittrock (1986:419) definieer ontwrigtende gedrag as: "Enige gedrag deur een of meer leerders wat deur die onderwyser waargeneem word as vektor (oordraer) van aksies wat kompeterend of bedreigend is teenoor die primêre oordraer van aksie op 'n spesifieke moment in die klaskameraktiwiteit. Galloway, Ball, Blomfield & Seyd, (1982) definieer onwrigtende gedrag as "enige gedrag wat voorkom as problematies, onvanpas en steurend ten opsigte van die onderwyser". Gedrag wat ernstige inbreuk maak op die onderrigproses en die verloop van 'n normale skooldag ernstig ontwrig, staan as ontwrigtende gedrag bekend (Lawrence, Stead & Yong 1977, 1984). Daar kan gesê word dat ontwrigtende gedrag enige gedrag is wat verbaal of fisies manifesteer en 'n steurende effek op die onderrigproses het.

Drie tipes probleme wat by leerders aangetref word is:

- gedragsprobleme - waar leerders probleemgedrag (ontwrigtende gedrag) in die klas openbaar;
- ontwikkelingsprobleme - waar leerders in sekere aspekte van of in sy totale ontwikkeling 'n agterstand toon;
- leerprobleme - wat veral in die onderrigsituasie voorkom (Kapp, 1990:26).

Hierdie probleme word onderverdeel in geremdhede en gestremdhede. Geremdhede ontstaan as gevolg van faktore of omstandighede buite die kind (byvoorbeeld ontoereikendhede in die leerder se opvoeding, onderrig of milieu) wat meebring dat leerders nie hul moontlikhede optimaal kan verwerklik nie. Die leerder se bereikte vlak van ontwikkeling, gedrag of leerprestasie is dan nie in ooreenstemming met dit waartoe hy in werklikheid in staat is nie en 'n gaping ontstaan.

Die volgende is voorbeelde van geremdheidsvorme wat by leerders ontstaan:

(i) Besondere leergeremdheidsvorme: algemene studieprobleme wat die leerder ondervind wat alle vakke en vlakke raak.

(ii) Die affektief-gedragsversteurde kind:

- toon ontoepaslike gevoels- of gedragsuitinge onder normale omstandighede;
- beskik oor 'n onvermoë om suksesvol te leer;
- het onbevredigende interpersoonlike verhoudings met die portuurgroep en ander volwassenes;
- ervaar 'n oorheersende gevoel van ongelukkigheid en terneergedruktheid;
- ontwikkel fisieke simptome, pyne en vrese wat geassosieer word met persoonlike of skoolprobleme.

(iii) Die milieu-geremde kind:

- toon agterstande in taal en sy kommunikasiemoontlikhede in die dominante kultuur is beperk, en sy ervaringsagtergrond beperk hom ten opsigte van sy/haar leer- of leefinhoud en die leerder kan nie aan die eise van die moderne samelewing voldoen nie.

(iv) Die didakties-verwaarloosde kind:

- hier is 'n aanduiding van merkbare agterstande, afwykings en foute by die kind ten opsigte van kennis, vaardighede, kundighede en gesindhede wat die leerder op skool moes aangeleer het.

(v) Die begaafde onderpresteerders:

- is leerders wat oor superieure, intellektuele vermoëns en ander persoonsmoontlikhede beskik, maar die leerders se prestasies is op 'n laer vlak as wat van hulle verwag word op grond van hul verstandelike vermoëns.

(vi) Die chroniese siek leerder:

- is die leerder wat 'n chroniese siekte het (bv. asma en kanker) en daar voortdurende verandering in die leerder se liggaam is. Die uitkoms van die siekte is onbekend en bring onsekerheid mee. Die chroniese siek leerders is ook baie afwesig. Leerders met metaboliese siektes (hiperaktiwiteit, diabetes mellitus) is ook chronies siek.

(vii) Skoolgereedheidsprobleme:

- maak nie net aanvangsonderwys vir die leerder problematies nie, maar beïnvloed die leerder se algemene skolastiese vordering.

Gestremdhede aan die ander kant verwys na aanwysbare tekorte in die kind se gegewe potensiaal. Die volgende gestremdhede word kortliks genoem.

(i) Epilepsie is die plotselinge steuring of verandering van die breinfunksie as gevolg van buitegewone elektriese aktiwiteite in die breinselle.

(ii) Serebrale gestremdheid: omvat een of meer van die volgende kenmerke naamlik, paralise, ongekoördineerdheid en funksionele afwyking van die motoriese stelsel.

(iii) Verstandelike gestemdheid: dui op leerders van wie die intelligensiefunksionering onder die gemiddelde vlak is. Hierdie leerders beskik oor die onvermoë om aan die gewone sosiale norme te voldoen.

(iv) Gehoorgestremdheid : daar is verskillende grade van gehoorverlies.

(v) Visuele gestremdheid: leerders met 'n gesigsgestremdheid het 'n tekort ten opsigte van hul visuele funksie.

(vi) Leergestremdheid: dis leerders wat oor 'n gemiddelde of bogemiddelde verstandelike vermoë beskik en wie se motoriese funksie, gesig, gehoor en affektiewe belewing toereikend is, maar tog sekere leer of gedragsprobleme het wat geassosieer word met afwykings van die sentrale senuweestelsel .

(vii) Fisieke gestremdhede: ook genoem liggaamlike gestremdhede, is merkbaar by leerders wat probleme ondervind in mobiliteit en fisieke vitaliteit.

(viii) Kinderoutisme en psigotiese toestande: is 'n ernstige geestesiekte wat die leerder se normale funksionering indringend belemmer en waar kontak met die realiteit in 'n meerdere of mindere mate verlore gaan.

(ix) Meervoudige gestremdhede: dui op die meervoudige aard van die leerder se gestremdheid.

Dit is belangrik om te weet dat geremdhede en gestremdhede wat by leerders voorkom mekaar kan oorvleuel (Kapp, 1990:26-436).

Ontwrigtende gedrag behels die volgende aspekte:

(a) Wangedrag, omskryf aspekte soos die traagheid van leerders, afwesighede van leerders, diefstal, vandalisme, fisiese konflikte tussen leerders en verbale beledigings teenoor onderwysers.

(b) Geweld, soos wapenaanvalle en die fisiese aanranding van onderwysers.

(c) Substansmisbruik soos alkohol- en dwelmmisbruik.

(d) Voorbereiding vir klasse, waar skryfbehoeftes vergeet word en huiswerk onvolledig is en nie gedoen word nie.

(e) Klaskamergedrag soos leerders wat nooit aandag gee in die klas nie, wat passief is en nie deelneem aan die klaskameraktiwiteite nie en wat deurentyd steurend optree (Weishew & Peng, 1993:7).

McManus (1995:68) skryf ontwrigtende gedrag in die klaskamer toe aan:

(i) leerders wat laat kom vir klas;

(ii) leerders wat die hele tyd aan ander leerders tik en so hul aandag probeer aftrek;

(iii) die aanhoudende gevra van leerders om na die kleedkamer te gaan;

(iv) leerders wat werk verloor as gevolg van afwesighede en die werk nooit inhaal nie;

(v) ongeskikte aanmerkings wat leerders maak;

(vi) die weiering om gegewe werk te voltooi;

(vii) parmantigheid en teëpratery teenoor die onderwyser;

(viii) leerders wat gesels wanneer hulle veronderstel is om 'n skriftelike opdrag te voltooi;

(ix) bakleiery onder leerders in die klaskamer;

(x) leerders wat mekaar in die klaskamer rondjaag;

(xi) leerders wat studiemateriaal in die klaskamer rondgooi;

(xii) leerders wat gesels wanneer die onderwyser aan die woord is;

(xiii) leerders wat hul studiemateriaal wegpak voordat die periode verby is en terwyl die onderwyser nog besig is met 'n verduideliking;

(xiv) leerders wat ander leerders se eiendom beskadig of steel;

(xv) leerders wat hul huiswerk opsetlik by die huis vergeet;

(xvi) leerders wat apparaat, versierings en ander klaskamergereedskap beskadig;

(xvii) leerders wat op hul stoele ry;

(xviii) leerders wat kru-taal (vloek) in die klas gebruik;

(xix) leerders wat probeer om te rook in die klas;

(xx) leerders wat weier om die straf wat hul opgelê is, uit te voer;

Ontwrigtende gedrag buite die klaskamer word toegeskryf aan:

(i) rook in kleedkamers;

(ii) leerders wat op die stoepe hardloop terwyl ander klasse besig is om aan te gaan met onderrig;

(iii) leerders wat die brandalarm aktiveer;

(iv) leerders wat op die skoolmure, ens. skryf;

(v) leerders wat op die skoolgrond baklei;

(vi) leerders wie se kleredrag nie volgens skoolbeleid is nie (slordig, dra grimering daarby, ens.) (McManus, 1995:68).

Ongewenste (ontwrigtende) gedrag moet deur een of ander faktor veroorsaak word. Dit is belangrik om ontwrigtende gedrag te verstaan, byvoorbeeld:

- leerders praat omdat hy / sy iets vir sy medeleerder wil sê;
- leerders hardloop op die stoepe omdat hulle haastig is;
- leerders doen iets snaaks omdat hulle dink dit is 'n goeie idee op daardie oomblik want dit

verlig verveling van 'n lang dag (Robertson, 1998:105).

Vervolgens word daar gelet op die oorsake van ontwrigtende gedrag.

### 3.5.2 Oorsake van ontwrigtende gedrag

In hoofstuk twee is daar gekyk na faktore wat 'n bydrae lewer tot 'n gesonde klasklimaat. Hierdie faktore speel ook 'n groot rol in die totstandkoming van ontwrigtende gedrag. Elke faktor sal nou toegelig word.

#### 3.5.2.1 Biologiese faktore in die leerder self

(a) Senuweestelsel

Waar probleme in die sentrale senuweestelsel (senuwees in die brein en die rugstring) en die perifere senuweestelsel (senuwees in die brein en ruggraat wat na die verskillende liggaamsdele gaan) ondervind word, asook probleme wat ontstaan in die groot spiergroepe van die leerders wat sy balans en fyn motoriek (knip met 'n skêr ens.) beïnvloed. Hierdie probleme lei tot emosionele probleme en swak sosiale interaksie met die portuurgroep.

(b) Endokriene kliere

Verskillende hormone word deur die endokriene kliere afgeskei wat 'n belangrike rol speel tydens motivering, emosionele gedrag van die leerder en ander aspekte van die persoonlikheid van die leerder. Die wanfunksionering van hierdie kliere het 'n groot effek op die leerder se individuele ontwikkeling.

(c) Oorerwing

Alle gedrag is die resultaat van oorerwing en die omgewing waarbinne die leerder opgevoed word. Die gene van die ouers bepaal hoe die leerder lyk, asook die intelligensie en spesiale vermoëns waaroor die leerder beskik. Enige foutiewe oordraging van die informasie van die gene, het 'n direkte effek op die leerder ten opsigte van die kwaliteit van sy ontwikkeling en gedrag (Carlton & David, 1993:23).

### 3.5.2.2 Fisiese faktore wat 'n bydrae lewer tot ontwrigtende gedrag in die klaskamer

Volgens Reeves, (1994:23) is die volgende faktore belangrik vir die voorkoming van ontwrigtende gedrag in die klaskamer.

(a) **Geboue**: Klaskamers waarvan die mure nie klankdig en stewig is nie, lei daartoe dat die leerders gesteur word deur die omringende klasse en dit veroorsaak dat leerders nie aandag gee nie.

(b) **Geraas binne-in die klaskamer** word veroorsaak deur leerders wat ander leerders se aandag aftrek, leerders wat gesels wanneer hulle veronderstel is om skriftelike werk te doen, leerders wat mekaar in die klas rondjaag, studiemateriaal wat in die klaskamer rondgegooi word en leerders wat gesels wanneer die onderwyser besig is om 'n les aan te bied.

**Geraas buite die klaskamer** word veroorsaak deur leerders wat op die stoepe hardloop tydens periodes, werkers wat besig is om verbeterings aan die skoolgeboue te bring en verkeer wat geraas maak.

(c) **Beligting** kan lei tot ontwrigtende gedrag wanneer leerders nie kan sien wat op die bord geskryf staan nie. Sommige skole beskik glad nie oor elektrisiteit, water en kleedkamers nie.

(d) **Temperatuur** Wanneer daar min of geen vensters voorkom nie en die temperatuur in die klaskamer te hoog of te laag is, beïnvloed dit die leerder se konsentrasie en is hy/ sy maklik aandagafleibaar.

(e) **Versierings teen die mure** Klaskamers waarvan die mure in só 'n toestand is dat daar nie versierings teen die mure opgesit kan word nie, lei daartoe dat leerders minder gemotiveerd is om in die onderrig-leersituasie te leer. In die meeste skole is die geboue van só 'n aard dat plakkate, projekte, ens. in die klas uitgestal kan word.

(f) **Die plasing van tafels en stoele** speel 'n belangrike rol by ontwrigtende gedrag. Wanneer tafels en stoele in rye geplaas word, maak dit die moontlikheid van sosiale interaksie tussen die leerders baie moeilik. Tafels wat sò geplaas word dat die leerders na mekaar kyk, is baie doeltreffend vir aanbied van groepwerk. Dit is egter nadelig wanneer die onderwyser ontwrigtende gedrag (geselsery, aandagtekort, ens.) wil uitskakel. Daar is skole waar die klaskamer nie tafels of stoele het nie. Die gevolg is dat die leerders op die grond naby aan mekaar moet sit en dit lei tot die moontlikheid van ontwrigtende gedrag.

(g) **Klaskamergrootte** is 'n baie belangrike aspek in die opsig dat groot klasse effektiewe onderrig bemoeilik. Dit is onmoontlik vir onderwysers om aan leerders individuele aandag te bied. In Katlehong is daar 'n "platoon" sisteem, waar twee skole saam een perseel gebruik. Soggens vind primêre onderrig plaas en smiddae sekondêre onderrig. Die nadeel hieraan verbonde, is dat primêre onderrig afgerammel word om betyds klaar te wees sodat die sekondêre skool kan begin. Omdat daar min klaskamers is, word leerders wat nie slaag nie se punte aangepas sodat hulle na die volgende graad kan beweeg. Van die leerders spring 'n graad oor om plek te maak vir ander leerders. Matrikulante wat nie geslaag het nie, kan nie terugkeer na die skool toe nie. Daar is net nie plek om hom / haar vir nog 'n jaar te akkommodeer nie (Reeves, 1994:23).

Die gevolg van oorvol klasse is dat onderwysers uitgeput raak. Buiten die feit dat onderwysers groot klasse moet hanteer, is die nasienwerk ook meer. Daarbenewens moet onderwysers ook nog hul buitemuurse verpligtinge nakom.

**3.5.2.3 Sosiale faktore wat 'n bydrae lewer tot ontwrigtende gedrag:**

**Die gemeenskap**

Navorsing toon dat skole in stedelike gebiede 'n hoër vlak van aggressie, dwelmverkope, diefstal en vandalisme toon as skole in landelike gebiede. Daar is gevind dat geweld meer

voorkom in skole waarvan die omringende gemeenskap 'n hoë vlak van armoede, werkloosheid en misdaad toon en waar daar nie veel aandag aan opvoeding gegee word nie (Weishew & Peng, 1993:5). Die transformasie van die rol van die onderwyser en die teenstrydigheid daarvan lei tot onsekerheid oor die objektiwiteit en die beleid van die onderwysers (Travers & Cooper, 1999: 125).

Die afgelope jare was daar 'n drastiese veranderinge ten opsigte van die onderwyser se rol. Die probleem wat ontstaan het, is dat onderwysers se verantwoordelikheid meer word maar dat dit nie vergesel word van behoorlike veranderinge in fasiliteite en doeltreffende opleiding sodat hulle bevoeg is vir die veranderinge nie. Die gevolg hiervan is verwarring aangaande die rol van die onderwyser.

Daar word nou van onderwysers verwag om as voogouers, maatskaplike werkers, asook opvoeders op te tree. Die lei daartoe dat die onderwyser die tradisionele manier van onderrig verander deur geïnkorporeerd met die media van rekenaars en televisie te onderrig (Travers & Cooper, 1996).

**Die familie**

Navorsing toon dat daar 'n ooreenkoms is tussen die leerder se gedrag en die agtergrond van die leerder. Die volgende opvallende feite is aangaande bogenoemde bekom:

- leerders wat in families woon waar beide ouers teenwoordig is, toon beter gedrag as leerders wat in enkelouergesinne grootword.
- leerders van gemiddelde inkomste families toon minder gedragsprobleme as leerders van hoë- of lae inkomste families (Weishew & Peng, 1993:5).

Omgewingsfaktore waaraan 'n leerder blootgestel word:

- is ongeorganiseerde families;
- ouers wat versteurd is, bv. psigopate;
- leerders wat deel is van groot families en in oorvol huise woonagtig is;
- leerders wat aan die genade van die gemeenskap se outoriteit oorgelaat word

- en leerders wat deel is van lae beroepstatus.

'n Interaksie tussen die leerder en sy omgewingsfaktore kan aanleiding gee tot gedrags- en leerprobleme (Robertson, 1998:105).

**Die klaskamer**

Daar is reeds gesê dat die huislike en persoonlike ervaring van die leerder sy / haar gedrag in die klaskamer bepaal. Vervolgens word moontlike oorsake van leerders wat ontwrigtend optree, toegelig.

Leerders gebruik die onderwyser as 'n veilige teiken vir hul gevoelens wat vir 'n ander persoon, plek of doel bestem is. Die soeke na 'n toevlug teen herinneringe van 'n traumatiese ervaringe bring ontwrigtende gedrag mee wat alle pogings tot 'n vriendskap kamoefleer. Ontwrigtende gedrag in die klaskamer is niks meer as 'n tydelike strategie om 'n vervelige les te onderbreek nie. Soms kan hierdie gedrag ook beskou word as 'n straf teenoor onderwysers wat neerhalend teenoor leerders optree, want sommige leerders sien die klaskamer as 'n uitbreiding van die harde, onvoorspelbare, onregverdige wêreld van stres, armoede, onverskilligheid en wreedaardigheid. Vir sommige leerders bied die skool 'n veilige omgewing vir eksploitering van onbetroubaarheid, woede en onsekerheid. Leerders wil weet wat die reëls in enige situasie is - hoe minder spesifiek die onderwyser is, hoe meer sal leerders die grense van wat aanvaarbaar is, eksploreer. Leerders wat onderwysers wil toets, is iets wat aan die begin van 'n skooljaar voorkom moet word om só latere probleme wat mag opduik uit te skakel. Leerders rebelleer om uit te vind by watter reëls hulle moet aanpas (McManus, 1995:67).

Die redes waarom leerders ontwrigtend in die klaskamer optree, is onder meer die soeke na aandag, 'n poging om mag te bekom en om wraak te neem. Leerders wat onvolwaardig voel, opsoek is na opwinding, opsetlik ander leerders terg en werk wil vermy, sal ook ontwrigtend optree in die klaskamer.

**(i) Leerders se soeke na aandag**

Leerders dink dat wanneer hulle opgemerk word in die klas, hulle aanvaar sal word deur hul medeleerders. Gedrag wat hier na vore kom, is grootpraterigheid, skaamheid en oor-afhanklikheid van leerders.

**(ii) Leerders se soeke na mag**

Dit kom voor wanneer leerders dink dat hulle deur hul medeleerders aanvaar sal word as hule mag het. Hierdie leerders probeer mag kry deur te bewys dat hulle sal doen net wat hulle wil en niks en niemand sal in hul pad staan en hul daarvan weerhou nie. Dié leerders sal die outoriteit van die onderwyser uitdaag.

**(iii) Leerders se soeke na wraak**

Hierdie leerders verkeer onder die vals indruk dat hulle aanvaar sal word wanneer hulle ander te ná kom soos wat hulleself te ná gekom is. Leerders wat 'n gevoel van verwerping ervaar, voel dat niemand van hulle hou nie en dan vertrou hulle niemand nie, al is die persoon vriendelik teenoor hom / haar.

**(iv) Leerders wat onwaardig voel**

Hierdie leerders glo dat hulle aanvaar sal word deur 'n lae verwagting by ander leerders of onderwysers te skep. Hulle skep 'n identiteit van onbetrokkenheid. Hierdie leerders voel dat hulle nie oor die vermoëns van hul mede-leerders beskik nie en as gevolg daarvan word deelname vermy.

**(v) Leerders se soeke na opwinding**

Leerders wat depressief is en baie stres by die huis ervaar, is gewoonlik dié wat na opwinding soek en dit ook veroorsaak, want dit dien as 'n ontvlugting vir hulle.

**(vi) Leerders wat skuldig is aan opsetlike terging / uittarting**

Leerders is daarop uit om onderwysers en ander leerders te tart en uit te daag. Hierdie tarting is meer op die geestelike as die fisiese gerig. Die teikenpersoon is gewoonlik

swakker en kleiner as sy / haar medeleerders. Sommige leerders het die houding van "Let's get the teacher" en dit lei tot uittarting.

(vii) **Leerders wat werk vermy**

Hierdie probleem spruit nie noodwendig voort uit onbelangstellendheid in bepaalde vakke nie; maar eerder uit die feit dat leerders moeite moet doen om 'n vaardigheid te bemeester, of hulle gedagtes te orden, of om 'n geskrewe stuk werk te voltooi.

(viii) **'n Verwikkelde samelewing**

Veranderende norme en waardes, demografiese en aanpassingsprobleme, ekonomies-verwante probleme, geweld, beperkte beroeps (werks) geleenthede, onderwys-vernuwing, ens., mag by baie leerders konflik meebring wat manifesteer in ontwrigtende gedrag (Marais, 1994:19-22).

Samevattend kan gesê word dat ontwrigtende gedrag se hoofdoel is om outoriteit uit te daag. Miskien is die leerders gefrustreerd deur mislukkings wat hulle ervaar en is dit 'n manier waarop hulle terugbaklei. Deur ontwrigtend op te tree, poog hulle dalk om hul identiteit te ontdek. Die klaskamer is die een plek waar hulle al hierdie dinge kan beproef en uiting kan gee aan hulself (gevoelens, denke, ens.) (Robertson, 1999:105).

### 3.5.2.4 Multikulturaliteit in die klaskamer wat ontwrigtende gedrag veroorsaak

Leerders wat van verskillende kulture afkomstig is, en in een klas aangetref word, verskil van mekaar. Die klaskamer is die dinamiese ontmoetingsgrond vir die onderwysers, leerders, kulturele diversiteite en leerinhoude. Verskille tree na vore ten opsigte van aspekte soos sosialisering, oogkontak en aandaggewing.

- Sommige leerders in die klas sal hul hoofde knik wanneer hulle aandag gee, terwyl ander niks sal doen nie.

- Leerders wat aan 'n bepaalde kultuurgroep behoort, sal nie oogkontak met die onderwyser maak nie, omdat dit die kultuur se geloof is om meerderes nie in die oë te kyk nie.
- In sommige kulture vra die statige persoon die vrae en die mindere antwoord net terwyl dit in ander kulture net andersom werk (Woolfolk, 1995:166).

Ontwrigtende gedrag in die klaskamer ten opsigte van mutikulturaliteit vind plaas wanneer:

- leerders nie kultuurdiversiteit respekteer nie;
- hulle nie erkenning van menseregte vir individue en groepe toon nie;
- hulle nie beskaafd en sosiaal sensitief teenoor ander kulturele groepe optree nie,
- leerders ander kulturele groepe nie as gelykwaardig erken nie (Pretorius, 1998:122).

Leerders wat in konflik is met ander kulture en onderwysers wat nie "geskoolde persone" is nie, kan veroorsaak dat ontwrigtende gedrag ontstaan. Dit impliseer die verwerwing van 'n totaal nuwe, omvattende mutikulturele perspektief deur sowel die leerders as die onderwyser. (Nieto, 1992:275).

**3.5.2.5 Onderrig-leerfaktore wat 'n bydrae lewer tot ontwrigtende gedrag**

Sommige onderwysers bestee meer tyd aan die leerders as wat hulle aan die onderrigleerproses bestee (Reeves, 1994:25).

In hoofstuk 2 is daar gekyk na onderrig-leerfaktore wat 'n bydrae lewer tot 'n gesonde klasklimaat. In hierdie hoofstuk wat handel oor ontwrigtende gedrag wat lei tot werkstres by onderwysers, is daar faktore binne die onderrig-leersituasie wat verantwoordelik is vir hierdie gedrag.

Dit is egter belangrik om te kyk binne watter konteks ontwrigtende gedrag plaasvind. Robertson (1998) beskryf die volgende faktore wat veroorsaak dat ontwrigtende gedrag in die klaskamer plaasvind:

- die tempo waarteen die les vorder;

- die vlotheid waarteen die les verloop,
- die plasing van die tafels en stoele.

Hierdie faktore word kortliks toegelig.

(a) Die tempo waarteen die les vorder, kan ontwrigtende gedrag bevorder deurdat:

- die onderwyser te veel tyd spandeer aan onbelangrike aspekte van die les;
- die oorgrote meerderheid leerders die inhoud van die les verstaan en die onderwyser; die inhoud steeds oor en oor aan die leerders oordra;
- 'n sekere deel van die lesinhoud oninteressant en irrelevant is;
- fragmentasie voorkom waar die onderwysers aan individuele leerders iets verduidelik en die res van die leerders moet wag;
- fragmentasie voorkom wanneer leerders moet wag dat die onderwyser eers hul werk moet nasien voordat hulle kan aangaan met die werk;
- die les nie dadelik begin nie omdat ander sake - soos leerders wat laat kom -- eers afgehandel moet word;
- 'n les sonder entoesiasme aangebied word sonder dat die leerders se aandag eers verkry word.

Hierdie aspekte lei daartoe dat die les vertraag word en leerders belangstelling in die les verloor en so afleiding soek wat dan ontwrigtende gedrag ontlok.

(b) Met die vlotheid van die lesverloop word bedoel dat daar vlot/flink van een aktiwiteit oorgegaan word na 'n ander aktiwiteit. Wanneer die onderwyser bv. 'n bandopname aan die klas wil speel en eers na die spesifieke gedeelte moet soek, word die les onderbreek en die leerders is onrustig en dit kan dan tot ontwrigting lei.

Voorvalle wat 'n les kan onderbreek:

- die skoonmaker wat die vensters skoonmaak;
- 'n leerder wat 'n boodskap van 'n ander onderwyser aan die onderwyser kom gee;
- die onderwyser wat die les onderbreek om aan die leerders iets te sê wat hy vergeet het toe hy die vorige punt van die les verduidelik het;

- leerders wat elkeen hul antwoord uitblaker wanneer'n vraag aan almal gestel word.

(c) Die wyse waarop stoele en tafels in die klas gerangskik word, lewer ook 'n groot impak op ontwrigtende gedrag (Rogers, 1997:126).
  - Waar direkte onderrig plaasvind (die onderwyser voor in die klas staan en op die bord iets aan die leerders verduidelik), is dit belangrik dat die tafels en stoele in rye gerangskik moet word.
  - Waar koöperatiewe leer plaasvind is dit noodsaaklik dat die stoele en tafels in groepvorm geplaas word, sodat leerders naby aan mekaar sit terwyl hulle die taak afhandel.

Tafels en stoele wat verkeerd geplaas is (bv. waar leerders die hele tyd oogkontak met mekaar het), lei tot ontwrigtende gedrag (Donald, *et.al.*, 1997:114).

Ander onderrig-leerfaktore wat ontwrigtende gedrag by die leerders ontlok.

(d) 'n Tekort aan fasiliteite (handboeke, apparaat, ens.).
  - Daar is onderwysers wat leerders onderrig sonder dat hulle oor handboeke beskik. Dit bemoeilik die taak van die onderwysers en die leerders om vir die eksamen voor te berei.
  - In Soweto is daar 'n voorval waar 'n skool oor apparaat (wetenskap, biologie, ens.) beskik wat nooit uitgepak word nie omdat die onderwyser nie weet hoe om die apparaat te gebruik nie (Reeves, 1994:24).

(e) Onbevredigende beplanning van onderwysers is leerders se grootste nagmerrie (Travers & Cooper, 1996:50). Onbevredigende beplanning is wanneer die inhoud van die les nie sorgvuldig geselekteer en georden word nie, daar nie beplan word watter tegnieke, evaluering, strategieë en metodes gebruik gaan word tydens die lesaanbieding nie, die leerdoelwitte van die les nie duidelik gestipuleer word nie, die tydsduur van die les nie sorgvuldig beplan word nie en daar nie op die kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese

domeine – soos in hoofstuk twee – van die leerders gewerk word nie (Woolfolk, 1995:480).

Oneffektiewe kommunikasie vind plaas waar die onderwysers nuwe, onbekende terme nie definieer nie, min relevante voorbeelde gebruik word, die les nie in 'n logiese volgorde aangebied word nie, die onderwyser nie heldere konneksies maak tussen feite en konsepte nie, die les nie met entoesiasme aangebied word nie en daar in die les nie verbale en skriftelike probleme ingesluit word om te sien of die leerders die les verstaan nie (Woolfolk, 1995:455).

Hierdie kommunikatiewe faktore speel ook 'n groot rol wanneer ontwrigtende gedrag na vore kom.

Wanneer leerders nie gemotiveer word nie lei dit dat ontwrigtende gedrag na vore kom omrede die klaskamer ongeorganiseerd is, konstante inbreuk tydens die lesaanbieding gemaak word, die onderwyser ongeduldig is en nie ondersteuning aan die leerders bied nie, die werk geen uitdaging aan die leerders bied nie, werk nie op die leerders se ontwikkelingspeil is nie en daar nie probleemoplossingsvaardighede toegepas word nie (Woolfolk, 1995:392).

Uit hierdie bespreking blyk dit dat die onderrig-leerproses 'n groot bydrae lewer tot die waarskynlikheid van ontwrigtende gedrag in die klaskamer. Dit is dus belangrik om bewus te wees van dié faktore en om maatreëls aan te wend om ontwrigtende gedrag te voorkom.

## 3.6 DIE ROL WAT UITKOMSGERIGTE ONDERWYS IN ONTWRIGTENDE GEDRAG SPEEL IN DIE KLASKAMER WAT WERKSTRES BY DIE ONDERWYSER VEROORSAAK

Kurrikulum 2005, wat deur middel van die strategie as Uikomsgerigte Onderwys (UGO) geïmplementeer moet word, wat in 1997 deur dr. Sibusiso Bengu, toe Minister van Onderwys, aangekondig is, word reeds ten dele in skole geïmplementeer. In hoofstuk 2 is

daar gesien hoe 'n gesonde klasklimaat bewerkstellig kan word waar UGO as strategie gevolg word.

Volgens Kudlas, (1994:32) is daar sekere probleme met uitkomsgerigte onderwys. Die probleme beïnvloed die onderwysers sowel as die leerders negatief en veroorsaak ontwrigtende gedrag in die klaskamer en werkstres by die onderwyser.

Kudlas, (1994:32) beskryf die volgende as problematies:

(a) UGO (Uitkomsgerigte onderwys) vereis meer van die onderwyser as wat die onderwyser tans bied

(b) Onderwysers word gekonfronteer met die volgende probleme.

- leerders wat verveeld is in die klaskamer;
- misleidende verwagtinge van leerders;
- leerders wat apaties is en nie deelneem aan aktiwiteite nie;
- verwarring by die plasing van leerders ten opsigte van grade;
- probleme met evaluering van leerders;
- 'n tekort aan aanvaarding van leerders in die hoë opvoedingsgemeenskappe;
- die aanbieding van UGO kan 'n tydsame en moeisame taak wees;
- die versoek dat die standaard verlaag moet word na 'n minimum standaard wat alle leerders sal kan bereik;
- leerders wat heeltyd uitgedaag moet word ten opsigte van die werk, gaan moeilik tegemoet gekom word;
- om met die uitkomste (dit wat leerders bereik het) tred te hou, is 'n onbegonne taak omdat daar soveel leerders in die klas is;
- die feit dat daar nie meer eksamens is waarvoor leerders moet leer nie, veroorsaak dat leerders 'n destruktiewe houding teenoor die skool en geleerdheid het (Kudlas, 1994:33).

Schlafly (1994:26) beskryf sewe besware teenoor UGO.

1. Tydens UGO word die leerders almal op dieselfde vlak gehou – ongeag die leerders wie se potensiaal bokant daardie vlak is.

2. Uitkomsgerigte onderwys is daarop ingestel om 'n positiewe selfbeeld by leerders te bou deurdat daar net A's en B's gegee word aan leerders vir hul prestasie, al verdien die leerder 'n F.
3. Uitkomsgerigte onderwys verwerp die gebruik van fonetiek wanneer leerders geleer word om te lees. Leerders sal woorde moet memoriseer sonder dat hulle weet wat die klanke is.
4. Uitkomsgerigte onderwys volg die ideologie van "polities korrek" en dit sluit in:
   - globale burgerskap;
   - 'n wêreldregering;
   - kontrole oor die bevolkingsvermeerdering;
   - feminisme as fundamentele aspek;
   - die aanvaarding van lewenswyses wat vir sekere mense onaanvaarbaar is.

   Leerders skryf nie meer eksamen nie, want op grond van die evaluering van opdragte, opstelle en portefeuljes word leerders na die volgende graad oorgeplaas. Dit kom daarop neer dat hulle nie op grond van hul objektiewe kennis oorgeplaas word nie, maar eerder op grond van hul politiese houding.
5. Leerders se privaatheid word versteur tydens UGO, omdat elke leerder 'n rekenaarlêer het op grond waarvan die onderwyser die leerder se pogings om sekere leeruitkomste te bemeester, evalueer.
6. UGO se leeruitkomste kan nie objektief gemeet word deur enige gestandaardiseerde toetse nie. Daar is ook geen verband tussen 'n leerder se akademiese prestasie en die kennis waaroor hy beskik nie.
7. UGO is skuldig aan 'n onaanvaarbare roldubbelsinnigheid want woorde word gebruik wat een ding vir die personeel van die skool, en iets anders vir die ouers beteken.

Uitkomsgerigte onderwys is nie opvoeding nie; dit is eksperimentering, omrede die leerders dinge self moet eksploreer en die onderwyser net as 'n fasiliteerder dien en nie fisies onderrig gee nie. UGO is ook nie akademies nie, maar eerder psigologies gerig deurdat UGO daarop ingestel is om 'n positiewe selfbeeld by leerders te bou deur net A's en B's te gee aan leerders, al verdien die leerder 'n F (Schlafly, 1994:27).

Met hierdie siening van uitkomsgerigte onderwys kan 'n mens nie anders as om te dink dat onderwysers se werkstresvlak sal verhoog nie en dat leerders meer ontwrigtend sal optree nie.

## 3.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na wat stres en werkstres is, asook die oorsake en simptome daarvan op 'n persoon en die omgewing. Daar is gesien dat 'n snel veranderende samelewing vir die meeste mense stres skep. Die mens word gedurig onder druk geplaas om al hoe meer in al hoe minder tyd te verrig. Gebeure (stressors) wat stres tot gevolg het, strek oor 'n wye veld. Werkstres word toegeskryf aan die interaksie tussen 'n individu en sy/haar werksomgewing.

Die onderwyser ervaar werkstres as gevolg van faktore soos leerders se wangedrag; te min beskikbare tyd; die verswakking van professionele erkenning van die onderwyser; swak verhoudinge ten opsigte van die leerders, kollegas; die veranderinge in die onderwysstruktuur; tekort in status en bevorderingsmoontlikhede van die onderwyser; 'n tekort aan personeel; werksonsekerheid; dubbelsinnigheid in die rol van die onderwyser, ens.

Die kern van hierdie hoofstuk handel oor ontwrigtende gedrag wat werkstres by die onderwyser veroorsaak. Ontwrigtende gedrag is enige gedrag wat voorkom as problematies, onvanpas en steurend ten opsigte van die onderwyser. Ontwrigtende gedrag word verdeel in gedragsprobleme, wordingsprobleme en leerprobleme wat hand aan hand loop met aspekte soos leergeremdhede en leergestremdhede.

Die oorsake van ontwrigtende gedrag wissel van biologiese-, fisiese-, sosiale- en multikulturele faktore tot onderrig-leerfaktore. Elkeen van hierdie faktore speel 'n fenomenale rol tydens ontwrigtende gedrag in die klaskamer.

Uitkomsgerigte onderwys wat in sy inisiële stadium van implementering is, verminder ook nie ontwrigtende gedrag in die klaskamer nie; trouens, die moontlikheid is daar dat ontwrigtende gedrag gaan toeneem tydens UGO.

In hierdie hoofstuk is dit duidelik te bespeur dat ontwrigtende gedrag die grootste oorsaak is dat onderwysers werkstres ervaar en dat daar aan onderwysers hulp gebied moet word aangaande hierdie saak.